

Skriflesing: Openbaring 14Teks: **Openbaring 14: 1, 15, 18**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 18: 1, 12****TYDENS EREDIENS- Ps. 31:1,2; Ps. 128:1; Ps. 26:1,6; Ps. 66:1,6****Openbaring 14****Rev 14:1** Toe het ek die Lam op Sionsberg sien staan en by Hom honderd vier en veertig duisend mense met sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe.**Rev 14:2** En ek het 'n geluid uit die hemel uit hoor kom wat soos die gedruis van 'n groot watermassa en soos die gedreun van swaar donderweer geklink het. Die geluid wat ek gehoor het, was ook soos dié van sitiespelers wat op hulle sities speel.**Rev 14:3** Hierdie mense sing 'n nuwe lied daar voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge. Niemand anders as net hierdie honderd vier en veertig duisend mense, wat van die aarde af losgekoop is, kon hierdie lied leer nie.**Rev 14:4** Dit is hulle wat hulle nie met vrouens besoedel het nie; hulle het kuis gebly. Hulle volg die Lam waar Hy ook al gaan. Hulle is onder die mense uit losgekoop as eerstelinge vir God en vir die Lam.**Rev 14:5** Uit hulle mond het daar nooit 'n leuen gekom nie. Hulle is onberispelik.**Rev 14:6** Toe het ek 'n engel hoog in die lug sien vlieg. Hy het 'n goeie boodskap gehad wat vir ewig van krag bly. Hy moes dit aan die bewoners van die aarde, aan elke nasie, stam, taal en volk verkondig,**Rev 14:7** en hy het met 'n harde stem uitgeroep: "Vrees God en gee aan Hom die eer, want die tyd het aangebreek vir sy oordeel. Aanbid Hom wat die hemel en die aarde, die see en die waterbronne gemaak het."**Rev 14:8** 'n Tweede engel het agter die eerste aan gevlieg en uitgeroep: "Geval, geval het die grote Babilon wat al die nasies van die dwelmdrank van haar onsedelikheid laat drink het."**Rev 14:9** 'n Derde engel het agter die eerste twee aan gevlieg en hard uitgeroep: "Wie die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorkop of op sy hand aanvaar,**Rev 14:10** sal van die wyn van God se toorn moet drink. Dit word onverdun in die beker van sy oordeel ingeskink. In die teenwoordigheid van die heilige engele en die Lam sal hy met vuur en swael gepynig word.**Rev 14:11** Die rook van hierdie pyniging styg tot in alle ewigheid op, en hierdie mense het dag en nag geen rus nie, hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en dié wat die merk van sy naam aanvaar."**Rev 14:12** Hier het die gelowiges volharding nodig, hulle wat die geboorte van God nakom en in Jesus bly glo.**Rev 14:13** Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: "Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe." "Ja," sê die Gees, "hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle."**Rev 14:14** Toe het ek 'n wit wolk gesien. Op die wolk het daar Iemand soos die Seun van die mens gesit. Hy het 'n goue kroon op sy kop gehad en 'n skerp sekel in sy hand.**Rev 14:15** 'n Engel het uit die tempel uitgekom en hard geroep na Hom wat op die wolk sit: "Steek u sekel in en oes, want die tyd het gekom om te oes. Die aarde is ryp vir die oes."**Rev 14:16** Hy wat op die wolk sit, het toe sy sekel ingestee op die aarde, en die aarde is afgeoes.**Rev 14:17** Toe het daar 'n ander engel uit die tempel wat in die hemel is, uitgekom. Hy het ook 'n skerp sekel gehad.**Rev 14:18** Nog 'n ander engel het van die altaar se kant af gekom. Hy het mag oor die vuur gehad en het met 'n harde stem geroep na die engel wat die skerp sekel het, en vir hom gesê: "Steek jou skerp sekel in en sny die druiwetrosse van die wingerd op die aarde af, want sy druiwe het ryp geword."**Rev 14:19** Die engel het toe sy sekel op die aarde ingestee. Hy het die wingerd op die aarde afgeoes en die oes in die groot parskuip van God se toorn gegooi.**Rev 14:20** Die parskuip, buitekant die stad, is getrap. Uit die parskuip het daar bloed uitgekom wat tot aan die tooms van die perde geraak en sestien honderd kilometer ver gestrek het.**Skriflesing:** Openbaring 14Teks: **Openbaring 14: 1, 15, 18**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 18: 1, 12****TYDENS EREDIENS- Ps. 31:1,2; Ps. 128:1; Ps. 26:1,6; Ps. 66:1,6**

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, dis mooi, dis aangrypend, iets van 'n panoramiese gesig wat ons in Openbaring 14 by uitkom. Openbaring 14 staan weer ten nouste verbind met

Openbaring 7 waar ons paar weke gelede by was. Daardie 12X12X10X10X10, ja by die 144000 van Openbaring 7. Hulle wat vir God gemerk is, hulle merk lyk anders as die merk en die naam van die valse profeet wat ons verlede Sondag by die dier uit die aarde uitgebring het. Die valse profeet dra of die merk van die dier uit die aarde of is gemerk met sy getal, simbolies heen gewys as 666.

Ons sien dit ook vroeg raak dat Openbaring 14 is weer 'n tussen-hoofstuk tussen Openbaring 13 en Openbaring 15. Dis asof God vir ons wil sê dat julle net weer krag en perspektief kry na die verskriklike van die satan, sy antichris en valse profeet wat in die vorige hoofstuk op die toneel is. Dit wat jou werklik in hierdie wêreld, as jy nie jou geloof en kop behou nie, teen die verskriklikste van sataniese werkinge kan laat vasloop. As dit van ons sou afhang en die drieheid van Satan sou jou tot by die laagtepunte van sy lewe uitbring watter verskriklike laagtepunt sal jou eie lewe nie word nie. Daarom dat Openbaring 14 weer ons uitsig verbreed want na Openbaring 14 kom daar nog weer 'n aanduiding van verskrikkinge in hierdie wêreld as God se sewe bakke gevul met die woede en toorn van God oor hierdie wêreld uitgegiet gaan word. Openbaring 14 laat ons besef voordat jy met hierdie toorn van God in die bestaan van ons ou wêreld mee rekening kan hou, kry net eers weer die groter openbaring, die groter prent van God se werkinge in hierdie ou wêreld voor oë!

Daarom besef ons Openbaring 14 begin met baie mooi dinge maar dit bly gebalanseerd en nugter want met die mooie kom daar nugtere aankondigings deur engele gemaak. Ons wat die ware Lam van God duidelik moet onderskei van daardie lam van Openbaring 13 wat ook 'n lam is, maar hy praat met die stem van 'n draak. In Openbaring 14 se terme kom daar 'n onderskeid tussen 'n graanoes en 'n druiweoes. Ek sal moet antwoord waar pas ek in?! Dit behoort ook vir ons iets van 'n tuiskoms in ons lewe te bied, met die vraag waar gaan ek tuis wees met die lewe na hierdie lewe. God wil ons laat sien, God wil ons laat hoor, God wil selfs 'n verduideliking gee na waarheen is ons op pad. Ons begin by die dinge wat in Openbaring gesien en gehoor kan word.

Ons kom eerste by die skouspel wat gesien kon word:

Johannes begin deur te sê ... *1 Toe het ek die Lam op Sionsberg sien staan en by Hom honderd vier en veertig duisend mense met sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe.*

Wonderlik dat Johannes eerste kon sien nog voordat hy iets kon hoor. Hoe dikwels werk dit in ons geloofslewe andersom. Ons moet maar heeltyd wil luister, ons moet hoor en nog weer hoor, sonder dat ons noodwendig die dinge kan sien waaroor daar in die geloof wel baie oor gepraat kan word. Die oorheersende wat Johannes sien is die bo-menslike waarneming van die Lam bo-op die berg Sion.

Saam met die Lam staan die volheidsgetal van die Lam se Kerk. 144 000 gemerktes! Dit is die simboliese getal van mense wat gemerk is, deur God gemerk, dié wat die merk van die doop met hande verrig ook kon ontvang maar eintlik verder as hierdie merk kon vorder. Hulle doop het geword 'n doop met die Heilige Gees. Wanneer ons kindertjies doop dan word hulle kerklik gemerk, ons merk ons kindertjies in die geloof met die belofte God wil hulle ook merk. Dikwels dan wys mense se lewens dat al is hulle gedoop is hulle nie noodwendig deur God gemerk nie. Nie alle verbondskinders is noodwendig uitverkorenes nie!

Hulle het God se verbond, gesmaad en minag wat die Here aan hulle toegesê het, daarom is hulle wel gedooptes, maar nie noodwendig deur God gemerktes nie! Kom ons wel by die gemerktes soos deur God gemerk, is die troos niks kan aan die merk verander nie. As God gemerk het, het Hy klaar gemerk. By die doop in die kerk gedoop kan dinge vorentoe nog in jou en jou kinders se lewens verander, maar by die doop in die Heilige Gees, daar waar God doop met die bad van die werdergeboorte en 'n besnydenis van die hart, nie met hande verrig nie, daar is dit onveranderlik en spreek van 'n ware tuiskoms vir God se gemerktes. Johannes het in sy gesig hierdie wonderlike tuiskoms kon sien. Die Lam op die berg met almal wat die Lam se Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde gedra het. By hierdie besondere skouspel wat gesien kon word, kom ons dan nou ook uit-

Die dinge wat gehoor kon word:

Johannes skrywe in vers 2: *2 En ek het 'n geluid uit die hemel uit hoor kom wat soos die gedruis van 'n groot watermassa en soos die gedreun van swaar donderweer geklink het. Die geluid wat ek gehoor het, was ook soos dié van sitiespelers wat op hulle sities speel. 3 Hierdie mense sing 'n nuwe lied daar voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge. Niemand anders as net hierdie honderd vier en veertig duisend mense, wat van die aarde af losgekoop is, kon hierdie lied leer nie ...* Dis hemelse musiek wat aardse ore moet kan hoor. Hoe mooi moet

sulke musiek nie wees nie! Dit klink soos die dreuning van waters, pragtig die geluid van water na 'n groot reënbui, ons het dit die seisoen al dikwels kon beleef. Die geluid is nooit oordonderend nie, want in Johannes se geval word dit gedra en begelei deur die strelende en betowerende klanke van die sitiespel van 'n hemelse orkes. Tog bly dit 'n nuwe lied. Op aarde kan ons hierdie woorde nie leer nie, ja net hulle van hierdie aarde losgekoop met die dierbare bloed van ons Here Jesus Christus word in staat gestel om die woorde van hierdie lied te leer. Op aarde is ons hele lewe in baie opsigte nog 'n leerproses, al is ek dalk al 80 jaar, dan leer ek maar nog baie dinge! Om te leer gaan in die hemelse geweste ook nog weer gebeur, maar dit sal nie swaar wees nie.

Ons besef op aarde leer ons ook aan die hand van Openbaring 14 God se oordele en die voltrekking van God se oordele ken. Ons word dáárby ingelyf aan die hand van drie dramatiese engele-aankondigings. Dis dan ook ons volgende gedagte ...

Wat hierdie engele-aankondigings vir ons duidelik maak:

Die eerste engel roep dit uit, ja hy het 'n goeie boodskap gehad. Johannes skrywe dit is 'n boodskap van ewige waarde. Dit moes aan al die bewoners van die aarde, ja aan elke nasie, stam, taal en volk moet dit verkondig word: *Sy ewige boodskap is so duidelik ... Vrees God en gee aan Hom die eer, want die tyd het aangebreek vir sy oordeel. Aanbid Hom wat die hemel en die aarde, die see en die waterbronne gemaak het.*” In die 2020 Vertaling staan dit: *“Julle moet ontsag hê vir God en heerlijkheid bewys aan Hom, want die tyd van sy oordeel het aangebreek. Aanbid Hom wat die hemel, die aarde, die see en die fonteine geskep het.”*

Die goeie in hierdie eerste engel se boodskap is dat God 'n God is wat ons waarsku. Hy is 'n God wat sy oordele vooruit aankondig lank voordat Hy nog daarmee begin. Hy gee nog tyd vir bekering.

As ons kom by die tweede engel se aankondiging staan in vers 8: *“Geval, geval het die grote Babilon wat al die nasies van die dwelmdrank van haar onsedelikheid laat drink het.”* Vir die eerste keer in Openbaring word daar nou pertinent van Babilon gepraat. Dit is 'n simboliese naam en sekerlik ook 'n versamelnaam van slegte mense se slegte dinge bymekaargebring. Waar die lastering en die goddeloosheid en die onsedelikheid van die vorige hoofstuk met die

satan en die antichris en die valse profeet tot iets so afgrylik gevoer sal word dat dit is soos dwemdrank wat tot die laaste druppel gedrink sal word. Mense sal dit wil drink, ja die oorgrote meerderheid van mense in hierdie wêreld drink dit steeds.

As die derde engel dan sy aankondiging laat hoor is dit asof alles net nog duideliker uitgespel word: *“Wie die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorkop of op sy hand aanvaar, 10 sal van die wyn van God se toorn moet drink. Dit word onverduin in die beker van sy oordeel ingeskink. In die teenwoordigheid van die heilige engele en die Lam sal hy met vuur en swael gepynig word. 11 Die rook van hierdie pyniging styg tot in alle ewigheid op, en hierdie mense het dag en nag geen rus nie, hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en dié wat die merk van sy naam aanvaar.”* Hier moet ons mooi luister, dit wat God ons mee waarsku is nie ligtelike praatjies nie. God is nooit maar net 'n praatjiemaker nie.

Ja, engel na engel waarsku ons ook vandag as die Kerk nie meer die ware boodskap laat hoor nie, dan sal die engele dit doen. Ons besef dit is by die grootste uitsondering dat God engele uitstuur om sy Woord te laat hoor. Dit is die werk wat die ware Kerk in Christus veronderstel is om te doen. Tog was daar al die tye dat as die Kerk nie haar mond oopmaak nie, want sy het verstrik geraak in die baie strikke wat die antichris en valse profeet deur bemiddeling van satan in die wêreld kon stel, dan moet die engele praat.

Vandag praat die engele waar die kerk stil is, soos wat die engele gepraat het en die evangelie gebring het by Christus se geboorte. Ook het die engele by Jesus se graf gepraat toe dit eintlik daarop neergekom het dat toe Christus gesterf het, het sy Kerk ook gesterf. Vir die tyd wat Christus in die graf was, kon daar nie kerk in Hom wees nie. Toe het engele van die graf af gepraat. Genadiglik het hulle die boodskap gebring van Hy wat dood was, lewe! Die boodskap wat in die middel van hierdie maand rondom die paasgety ook weer duidelik gehoor moet word. Dis hierdie week wat dit gehoor moet word as ons Vrydag dan wel Goeie Vrydag mag vier en Sondag, waarlik Hy het opgestaan, Hy het die dood oorwin. Dis ons as Kerk wat dit moet laat hoor in 'n wêreld wat dood en verval geraak het. Dis die eintlike werk van die Kerk, bring die Woord, waarsku die wêreld, hou daarmee vol, want die engele se werk is nie evangelie

verkondiging nie, maar kom ons vandag in die laaste plek by die werklike en uiteindelijke engele werk in hierdie wêreld uit, dan sien ons ...

Engele se werk is om God se oordele te voltrek en die uiteindelijke oeste in te samel:

Dis aangrypend na hierdie drie engele eerstens aankondigings gemaak het, kom vers 12 wat vir ons as gelowiges iets van so 'n besondere en grootste troos moet bring. Die engele moes groot dinge en swaar dinge oor hierdie wêreld laat hoor en God weet dit is nie vir ons maklik nie. Ons vind hier een van die sewe besondere saligsprekinge wat in die Openbaring boek so treffend en verrassend ons ophelp. Vers 12 is inderdaad 'n saligspreking as ons dit ook in die 1933' 53 Vertaling kan lees - — *salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle.* Ons het geles: *Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe.* "Ja," sê die Gees, *"hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle."* Die 2020 Vertaling staan - *'Gelukkig is die dooies wat van nou af in die Here sterf.'* "Ja," sê die Gees, *"sodat hulle mag rus van hulle geswoeg, want hulle dade volg hulle."*

Dis vir die gelowige 'n besondere troos wat ons na aan die hart moet lê. Ons kan selfs na ons sterfdag uitsien want dis woorde wat gelowiges terwyl die graf reeds oop is, wil salig spreek. Om in die Here te mag sterf is 'n blye dag want die gelowige doen nie nou goeie werke om maar eendag die goeie te ontvang nie. Die gelowige se werke volg hulle, die goeie is reeds daar ... God spreek reeds salig en dan die blye gevolg. Die gelowige vind dan rus vir sy jare lange geswoeg en gewerk, ja selfs ons arbeid in die Here sal op die laaste nie verdienste wees nie, maar watter genade om te mag hoor, hierdie werk agtervolg ons as ons die graf ingaan. Daar vind nou reeds 'n hemelse rus plaas as die aardse bedding van jou graf oopgemaak word. Dis tog duidelik wat die Here ons belowe ... *"hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle."*

Geliefdes so sal dit wees tot die laaste dag hier op aarde, waar die opdrag sal wees... ons laaste gedagte vanda.

Steek jou sekel in; die druiwetrosse gaan hulle eie gang wat die Here bepaal het:

Baie duidelik eindig Openbaring 14 met die wederkoms van ons Here, wanneer Hy gaan kom om finaal te oordeel. Hier vind 'n tweërlei oes plaas. Eers die graanoes en dan die druiweoes. By

die graanoes is die Seun van God Self die Een wat sy sekel inslaan en die mense bymekaarbring. Die druiweoes het 'n bloedige afloop. Hierdie bloedige taak word deur magtige daartoe verordende engele uitgevoer.

Die orde hoe dinge gebeur is ook duidelik al hoe die Ou Testament onse God as 'n God van orde openbaar. By God is daar van die begin af die eersteling-gedagte. Die eersteling van die oes moet aan die Here behoort. Ek moet die beste, die eerste van wat ek ontvang, moet ek bereid wees om dit eerste aan die Here te offer. So moet dit met ons dankoffers ook wees. As dit nie so gebeur nie, moet dan nie altyd goeie gevolge verwag, kragtens wat die Here so pas in die saligspreking ook duidelik maak, jou werke sal jou volg. ... *alles wat hulle gedoen het, volg hulle*. As God ons die opdrag gee dat die eersteling aan Hom moet behoort, dan pas God hierdie beginsel ook op Homself toe. Hy sal eerste inneem die mense-oes, al sy kinders wat aan Hom behoort, die dag wanneer God aan sy Seun sê – SLAAN DIE SEKEL IN.

God maak dit ook duidelik die sekel moet skerp wees en die oes is eintlik oorryp om geoes te word. Dis reeds geel van kleur. Ons erken dat kommentare verskil wel in die res van hoe ons die dinge moet verstaan. Sommige stel dat die graanoes is God se kinders, die druiweoes is hulle wat nie aan God behoort nie. Soveel soos wat graan van druiwe verskil, jy sien sommer van ver en baie duidelik die onderskeid tussen graan en druiwe, so duidelik is die verskil tussen hulle wat op die einde finaal gered sal word en hulle wat nie gered is nie. Hierdie is wel 'n geldige verklarings moontlikheid.

Tog is die ander verklaring dalk die meer aanneemlike. Tussen die oes van die graanoes en die afsny van die druiwetrosse, hulle albei het gelowiges en baie ongelowiges onder hulle. Die feit is geoes gaan daar geoes word. Die eersteling van God wel heel eenkant, hulle sal die swaar van die skerp seker nie ervaar nie, hulle word na Hom geroep wat op die wolk sit. Vers 16 praat sekerlik van die gelowiges - *16 Hy wat op die wolk sit, het toe sy sekel ingestee op die aarde, en die aarde is afgeoes*.

Daarna kom die tweërlei oes onder die ongelowiges en hulle wat die Here nie gedien het soos Hy gedien moes word nie. Vir hierdie opdrag kom daar twee engele selfs uit twee rigtings. Die een

kom van die tempel se kant, die ander een van die altaar. Die engel uit die altaar se rigting het selfs mag oor altaarvuur en dra hy ook 'n skerp sekel. Hy is wel hoofsaaklik op die wingerd gefokus. Daarom die verklaring dat die afoes van druiwetrosse eintlik net op ongelowiges dui het beslis ook gronde om op te staan. As die ryp druiwe geoes word word dit op die einde 'n baie lelike oes, 'n bloedige oes. Die hoogte van die tooms in perde se bekke word die meetroede van die hoogte van die bloed wat uit hierdie bloedige oes sou voortvloei. Dit gaan om meer as die hoogte van hierdie verskriklike klomp bloed, daar is afstand ook, dit het 1600km ver kon vloei. Ondenikbaar, so 'n bloedbad! So 'n bloedvloeiing!

Hulle wat die bloed van Christus en dit wat Hy vir ons laat vloei het nie na waarde geag het nie, gaan weer te doen kry met bloed, baie bloed, maar dit sal wees of hulle eintlik dan in hulle eie bloed verdrink. Verskriklik! Die oes is in die groot parskuip van God se toorn gegooi en die parskuip is getrap. Alles moet buitekant die stad gebeur, daarbuite waar mense Christus se bloed ook laat vloei het. Daar waar ons gedagtes eerskomende Vrydag ook moet vassteek, as ons weer mag dink aan die prys wat Jesus vir ons moes betaal dat ons uit hierdie verskrikking van bloed kan loskom.

Ons vier Goeie Vrydag met die troos, ons bevestig volgende Sondag diakens met die oortuiging, die saligspreking van Openbaring 14 mag nou en vir altyd ons deel wees ... Hoe geseënd is die mens wat in die Here kan lewe maar ook in die Here kan sterwe. Dis op geskryfde name gevolg deur op geskryfde werke. Vers 13 her mos gesê – *Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe. "Ja," sê die Gees, "hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle."*

AMEN